

Figuur 1:
Skemadiagramme toon die moontlike toringontwerpe
wat gebruik gaan word;

- (a) Dwarshangkabeloring (36m hoog),
- (b) Vrystaande mas (30m hoog) en
- (c) Geankerde-draagmas (33m hoog).

OMGEWINGS- IMPAKSTUDIE (OIS)


VIR

DIE VOORGESTELDE ESKOM GARONA-ARIES HOOGSPANNINGS- KRAGLYN

Kontakbesonderhede:

Me Jayshree Govender
Tswelopele Environmental
E-pos: jayshree@eims.co.za
Faks: (011) 787-3059
Tel: (011) 789-7170
Posbus 2083, Pinetown, 2123
of

Mnr Andre Zanolli
Tswelopele Environmental
E-pos : andre@eims.co.za
Faks: (011) 787-3059
Tel: (011) 789-7170
Posbus 2083, Pinetown, 2123



Wat is die doel van hierdie dokument?

Hierdie brosjure voorsien u as 'n potensiele belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) met 'n agtergrondbeskrywing van die voorgestelde Eskom Garona-Aries Hoogspanningskraglyn in die Noord-Kaapprovinsie. Dit lig u ook in oor die vordering van die Omgewingsimpakstudie (OIS)-proses (om ingevolge OIS-regulasie onderneem te word). Openbare Deelname maak 'n integrale deel van die OIS-proses uit en die verspreiding van hierdie dokument is 'n noodsaaklike stap wat aandui hoe u by die proses betrokke kan raak. Die deel van inligting (en betyde kennisgewings op voortgesette grondslag) vorm die basis van hierdie proses. Openbare Deelname bied aan u die geleentheid om inligting te bekom en kommentaar te lewer of aangeleentheid te opper wat u mag raak.

Openbare Deelname aan die OIS Proses

Alle B&GP's sal die geleentheid gebied word om hul knelpunte te toon, om te bevestig dat hul aangeleentheid geëvalueer is en om kommentaar te lewer oor dokumentasie wat tydens hierdie proses saamgestel is. Die aangeleentheid wat deur die publiek geopper is, asook die bevindings van die OIS, sal deur die toepaslike owerhede oorweeg word. Hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) verskaf inligting oor die voorgestelde projek, die OIS-proses (en die Openbare Vergaderings) en nou die publiek uit om kommentaar te lewer. U kommentaar sal verseker dat alle relevante aangeleentheid geëvalueer en oorweeg word in die OIS-proses.

Agtergrond oor die Voorgestelde Projek

Ligging

Die voorgestelde 400kV Hoogspanningskraglyn sal opgerig word tussen die bestaande Garona (28°44'20.0"S; 21°59'44.998"E) en Aries (29°29'38.68"S; 20°47'40.59"E) substasies in die Noord-Kaapprovinsie (verwys na liggingkaart op keersy). Die Aries substasie is ongeveer 45 km suiduidwes van die dorp Kenhardt en die Garona substasie is ongeveer 17 km noord van Groblershoop.

Afbakening van die Studiegebied

Geen finale roete is nog vasgestel nie. Ten einde dus te verseker dat die uiteindelige roete lei tot minimale inpak op die biofisiese en sosio-ekonomiese omgewing in die streek, is 'n breë studiegebied afgebeeld om voorsiening te maak vir 'n reeks van moontlike roetes. Die studiegebied bestaan uit 'n 15 km buffersone aan beide kante van die direkte lyn tussen die twee substasies (aangedut met 'n blou stippellyn op die meegaande kaart).

Motivering vir die nuwe hoogspanningslyn

Weens die toenemende behoefte aan meer elektrisiteit, kan die vraag daarna die aanbod teen 2009 oorskry. Omdat elektrisiteit nie geberg kan word nie, moet dit op aanvraag opgewek word. Daarom moet langtermyn opsies geïdentifiseer word ten einde aan die vraag te voldoen.

Kliëntelading in die Noord-Kaap

Die Kaapse 400kV Hoogspanningsstelsel in die Noord-Kaap ondersteun kliënteladings in die Suid-Kaap, Weskus, Skiereiland en Namakwaland se ladingsentrums. Plaaslike opwekking in die Kaapstreek is beperk tot die Koeberg Kernkragentrale. Vir tyd en wyl is Koeberg se verrigting nog bevredigend, maar dit sal in die toekoms (onbekend op hierdie stadium) die einde van sy bedryfleeftyd bereik. Dit moet ook in ag geneem word wanneer die netwerk ontwikkel word.

Verwagte groei en instandhouding

Die voorspelde toename in die vraag na elektrisiteit is gegrond op toenemende elektrifisering, asook benutting deur spoonvervoer en kommersiële ontwikkeling.

Gevolglik raak die bestaande Hoogspanningslyne swaar belas en daar word voorspel dat hulle baie binnekort hul volle kapasiteit sal bereik. Hierdie Hoogspanningslyne kan nie in die langtermyn aan die verhoogde normale ladingsaanvraag voorsien nie.

Voorts, wanneer een lyn uit bedryf is, moet die ander lyn die volle lading dra. Dit maak dit moeilik om gereelde instandhouding te doen, aangesien die toestand van die lyne wat in bedryf is, kan agteruitgaan, wat swak lynverrigting (soos foute) tot gevolg kan hê. Instandhouding van die lyn sal op gereelde grondslag (jaarliks) onderneem word deur gebruik te maak van 'n voorgestelde gruispad langs die lyn. Eskom sal van die betrokke grondeienaars toestemming verkry voor enige instandhouding onderneem word.

Beskrywing van die steunstrukture vir die Hoogspanningslyn

'n Keuse van tipiese strukture word in Figuur 1 weergegee en voorsien 'n basiese afbeelding van die toringontwerpe wat gebruik gaan word. Oor die algemeen sal Vrystaande maste gebruik word vir die draaie in die lyn, terwyl die Dwarshangkabeltoring tipies gebruik word vir die reguit gedeeltes. Dit is belangrik om daarop te let dat die uiteindelige torings wat gebruik gaan word, nog nie vasgestel is nie.

Oorweging van alternatiewe vir die projek

Die keuse van potensiele alternatiewe sal ingelig word deur gefokuseerde besprekings met die owerhede en B&GP's gedurende die omvangfase. Die Tswelopele Omgewingspan (onafhanklike omgewingskonsultante) sal omgewingsaangeleentheid en identifisering van billike alternatiewe hersien en daarop adviseer.

Die projekspan ondersoek tans alle moontlike roete-opsies tussen die Garona en Aries substasies. Gedurende die omvangfase sal insette ingesamel word van alle toepaslike spesialiste en 'n voorkeurroete sal voorgestel word, asook voorsiening vir alternatiewe vir sensitiewe omgewings- en sosio-ekonomiese terreinbakens.

Die volgende reeks alternatiewe sal oorweeg en bespreek word in terme van hul uitvoerbaarheid en lewensvatbaarheid:

- Alternatiewe aanvraag (kan daar deur alternatiewe middele aan die aanvraag vir die Hoogspanningslyn voldoen word?);
- Alternatiewe proses (alternatiewe tegnologie of toerusting);
- Alternatiewe skedulering (opvolg- of fraseringsalternatiewe);
- Ontwerp alternatiewe; en
- Verbode alternatiewe.

Baie van die bogenoemde alternatiewe kan in die projekvoorstel (projekbeskrywing) ingelyf word en sodoende sou dit nie as afsonderlike alternatiewe geëvalueer word nie.

Wat is die potensiele sake vir oorweging?

Na aanvanklike ondersoekte en gesprekke met die owerhede, word die volgende potensiele impakte (beide positief en negatief) verwag en sal dit verder ondersoek word gedurende hierdie Omgewingsimpakstudie (OIS):

Die belangrikste omgewingsake wat ondersoek sal vereis, is die volgende:

- Impak van die oprigting van die lyn op fauna en flora, insluitend spesifieke fokus op voëllewe met betrekking tot die hoogspanningslyn;
- Uitwerking op vlieggebiede langs die voorgestelde roete sal ook ondersoek word. Die voorgestelde roete loop deur twee groot riviere (die Oranjerivier naby Groblershoop en die Hartbesrivier naby Kenhardt);
- Impak op terreine van moontlike geskiedkundige belang;
- Visuele impak van die hoogspanningskraglyn;
- Maatskaplike Impakstudie;
- Impak van die hoogspanningslyn en substasie op toerisme; en
- Impak op benutting van omliggende grond.

Hierdie sake (wat geïdentifiseer moet word gedurende die omvangfase en waartoe bygevoeg moet word waar nodig) sal die OIS-fase inisieer, waar spesialisie aangestel sal word ten einde voorsiening te maak vir ingeligte besluitneming betreffende die uitwerking van die voorgestelde aktiwiteit op die omgewing.

Spesialisstudies

Gegrand op die aanvanklike begrip van die studieveld en die voorgestelde aktiwiteit, asook vorige ondervinding met soortgelyke OIS'se, word daar verwag dat die volgende spesialisstudies verlang mag word:

- Argeologie en Antropologie;
- Ekologie;
- Landbou;
- Visuele Impakstudie;
- Toerisme;
- Avifauna (voëllewe); en
- Maatskaplike Impakstudie.

Wettlike Vereistes

Kragtens Regeringskennisgewing No. 1182, gepubliseer op 5 September 1997 en gepromulgeer kragtens die Wet op Omgewingsbewaring No. 73 van 1989 (WOB), benodig Eskom Transmissie magtiging van die toepasslike omgewingsowerheid vir die onderneming van die voorgestelde aktiwiteit. Ten einde hierdie magtiging te verkry, moet 'n omvattende onafhanklike omgewingsimpakstudie onderneem word ingevolge die OIS-regulasies. Daarom doen Eskom Transmissie aansoek vir magtiging kragtens die WOB vir die oprigting van die hoogspanningslyn en het Tswelopele Environmental (Edms.) Bpk. aangestel om hierdie aansoek te voltooi kragtens die vereistes van Staatskennisgewing 1183. Openbare deelname maak 'n integrale deel uit van die omvangfase van die Omgewingsimpakstudie(OIS)-proses.

Wat is die Omgewingsimpakstudie(OIS)-proses?

'n Omgewingsimpakstudie is 'n doeltreffende beplanning- en besluitnemingproses om die fisiese, maatskaplike en ekonomiese impakte wat 'n gegewe ontwikkeling kan hê, te beskryf en te assessee. Ten einde die besluitnemingproses in te lig, is dit belangrik dat openbare kwessies en kommer betyds geïdentifiseer word, om die OIS tegniese spesialisie in staat te stel om dit

te evalueer. Die verskeie spesialisie identifiseer ook potensiele negatiewe en positiewe impakte wat kan opduik as gevolg van die voorgestelde projek. Hulle identifiseer toepasslike versagende maatreëls wat benodig word om negatiewe impakte te vermy of te verminder en om positiewe impakte te versterk.

Die OIS-proses maak voorsiening dat die gevolge van 'n voorgestelde projek op die omgewing vooraf geïdentifiseer word, regdeur die impakstudieproses ondersoek word en in ag geneem word deur die besluitnemingsoewerhede.

Die OIS-proses funksioneer in twee fases: die Omvangfase en die Omgewingsimpakverslagfase (OIV). Gedurende die omvangfase sal alternatiewe (vir terrein en roete) geëvalueer word en 'n aanbeveling vir die gunstigste alternatiewe sal gemaak word. Dit sal verder ondersoek word gedurende die OIS-fase. Gedurende die omvangfase sal kommentaar van belangstellende en geaffekteerde partye aangemoedig word, sodat alle potensiele impakte oorweeg kan word. Waar moontlik, sal versagende maatreëls voorgestel word. Die Omvangverslag sal daardie aspekte identifiseer wat spesialissonderzoek gedurende die OIV-fase sal verlang.

Die stappe wat geneem word gedurende hierdie OIS proses sluit die volgende in:

- Terreinbesoek met owerhede voor aansoek
- Verspreiding van Agtergrondinligtingsdokumente aan geregistreerde Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) in die gebied
- Kennisgewing van die voorgestelde projek en die OIS en uitnodiging om die openbare vergaderings by te woon. Dit sluit in advertensies in koerante, plakkaat en terreinkennisgewings.
- Openbare vergaderings wat gehou word vir alle B&GP's
- Teken alle sake en terugvoering van B&GP's aan in 'n Sake- en antwoordverslag (SAV)
- Opstel van Konsep Omvangverslag (beskryf projek, evalueer impakte en stel toepasslike versagende maatreëls voor) (die SAV sal by hierdie verslag aangeheg word)
- Besikbaarstelling van 'n Konsep Omvangverslag (vir openbare kommentaar)
- Voorlegging van Finale Omvangverslag aan owerhede vir besluitneming.
- Na verkryging van owerhede se Rekord van Besluite, adviseer belanghebbendes oor die besluit, asook verdere toepasslike prosesse.

U rol in Openbare Deelname

Openbare deelname vind plaas regdeur die OIS-proses (hierbo beskryf) en sluit die volgende stappe in:

Advertensie

deur koerante, plakkaat, kennisgewings en AID's

Registrasie

van B&GP's op die databasis

Raadpleging

lig B&GP's in deur openbare vergaderings en fokusgroepe

Sakeverslag

Opsomming van sake uitgelig deur B&GP's en belangrike belanghebbendes

Kommentaar oor konsepte

Nooi B&GP's uit vir kommentaar oor konsep Omvang- en IS-verslae binne in 30-dae kommentaartydperk

Ons het wel u bydrae nodig

Alle kommentaar wat gedurende die OIS-proses ontvang word, sal in detail aangeteken word, in die Finale Verslae ingelyf en aan die betrokke omgewingsowerheid uitgereik word vir oorweging voordat hulle 'n besluit sal neem of die voorgestelde ontwikkeling toegelaat sal word om voort te gaan.

Hoe om Kontak te maak

Kommentaar kan gelewer word op enige van die volgende maniere:

- Voltooiing en terugstuur van die kommentaarblad ingesluit in hierdie Agtergrondinligtingdokument
- Skriftelike voorleggings (per faks of pos)
- Kommentaar per e-pos of per telefoon ten einde voortgesette betrokkenheid te verseker

Sien asseblief toe dat u as Belangstellende Party geregistreer word

